
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Goddelike Genesing- die Wil van God



"Hy het Sy Woord uitgestuur dat Hy hulle kon gesond maak ....." (Ps. 107:20).

Dit is die WOORD wat genesing vir jou liggaam bring, en dis die WOORD wat jou gesond hou. Die WOORD weerhou jou daarvan om siek te word in die eerste plek.

Die God van die Bybel is 'n Koning en nie 'n demokraat of voorstander van mense regte nie, Hy is die Koning van konings en proklameer of sê wat Hy van ons verlang en voeg dan daarby wat die gevolge van gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid sal wees. Sy opdragte is perfek en vir ewig.

God het baie wat Hy vir ons wil leer, en Hy het in Sy alwysheid prosedure en maniere daargestel om ons te leer en te onderrig. God se manier van onderrig is egter heel anders as die van die wêreld. Die wêreld wil hê ons moet leer d.m.v. ondervinding. Die spreekwoord lui ook dan: "Ondervinding is die beste leermeester."

Baie gelowiges (dissipels van Jesus), het hierdie manier van onderrig ook aangeneem en wil dit ook op hulle lewens van toepassing maak. Ons sê dan ook: "Die Here laat my werklik deur hierdie siekte gaan, want ek leer Hom beter ken daardeur."

Nee wat, hierdie ondervinding is 'n slegte leermeester. God het twee maniere daargestel om Sy Liggaam op aarde te onderrig en te stig, en as jy 'n Wedergebore Kind van God is, geld hierdie twee maniere vir jou.

1. God het **die Heilige Gees** gestuur om ons leermeester te wees, **maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. (Joh. 14:26).**

Joh. 16:13: Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.

2. God het **Sy Woord** gestuur om ons te onderrig. **Die hele skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing tot onderwysing in die geregtigheid sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus (2 Tim. 3:16 en 17).**

Nêrens in die Bybel lees ons die volgende nie: "Hy het vir Sy kerk siekte en krankhede gegee, sodat diegene wat daardeur ly perfek gemaak sal word en in die beeld van Christus verander word."

Dank God dat dit nie in die Bybel staan nie! Hy het **Sy Heilige Gees en Sy Woord** gegee om ons te onderrig.

Geliefde, verder wil ek vir jou die goeie nuus vertel dat God ons ook nie tugtig of dissiplineer deur siekte en krankhede nie. **Hy tugtig jou en dissiplineer jou d.m.v. Sy Woord.** Die Griekse woord wat vertaal word met "tugtig" in **Heb. 12:5: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie,** is dieselfde Griekse woord wat in **2 Tim. 3:16** vertaal word met **"onderwysing".** Loof die Here! Wanneer ons tugtiging nodig het, gebruik God sy woord daarvoor. In **Joh. 15:2,** waar Jesus praat van die wynstok en die lote en sê dat **"Hy ons skoon maak sodat ons meer vrug kan dra,"** gaan Hy voort om in **vers 3** te sê: **".....Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het."** Sien jy dis DIE WOORD wat ons reinig en onderrig, nie siekte en krankhede nie!

Dit impliseer natuurlik dat **ek in**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Goddelike Genesing....)

God se Woord sal bly (Joh. 15:7) en getrou daardeur gevoed sal word. As ek God se Woord verwaarloos, kan dit nie vir my **"nuttig wees tot lering, weerlegging, teregwysing en onderwysing (tugtiging)"** nie. Ek stel myself ook bloot vir die aanvalle van Satan en wat hy ookal op my wil plaas. As Satan suksesvol is om siekte op my te lê, moet ek beslis so veel as moontlik uit die ondervinding leer. En God kan my sekerlik baie leer terwyl ek siek is. **Maar dit is beslis nie God se plan om my te onderrig met siekte nie. Daarvoor het Hy Sy Woord gegee om my leermeester te wees.**

Nou sal jy verstaan waarom dit so sinneloos klink as iemand die volgende sê: "Ek het hierdie siekbed nogal waardeer, want nou het ek tyd gehad om rustig God se Woord te bestudeer. As ek nie siek geword het nie, sou ek nooit die geleentheid gehad het om die Woord so baie soos die afgelope twee weke te lees nie."

Ander mense gaan selfs verder. Hulle sê: "Dis hoekom God my siek gemaak het - sodat ek sal tyd hê om Sy Woord te oordink. Ek kom net nie daarby met die drukte van my werk nie."

Nee! God maak nie mense siek om hulle tyd te gee om Sy Woord te oordink nie, inteendeel: **"Hy het Sy Woord uitgestuur dat Hy hulle kon gesond maak ....." (Ps. 107:20).** Dit is die WOORD wat genesing vir jou liggaam bring, en dis die WOORD wat jou gesond hou. Die WOORD weerhou jou daarvan om siek te word in die eerste plek. **"My seun, neig jou oor tot my woorde ..... want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en genesing vir hulle hele liggaam" (Spr.4:20 tot 22).** GOD SE WOORD IS GENESING VIR MY HELE LIGGAAM!

Dis die twee belangrikste redes waarom jy DAAGLIKS tyd (die maksimum) moet deurbring met God se Woord en gehoorsaam wees aan Sy opdragte: **1. God se Woord is voedsel vir jou gees en siel, 2. Dit is genesing/gesondheid vir jou liggaam.**

Ek glo jy verstaan nou die "tugtiging van God" baie beter en dat Satan se verdrukking deur siekte en krankhede beslis nie God se werk is nie.

WIL GOD MY GENEES?

Jy het 'n verbond met God wat Goddelike gesondheid insluit - *elke Christen staan in hierdie verbond.* Die probleem is net, dat oor die jare die meeste Christene nie weet dat genesing hulle toekom nie. *Dit is deel van jou erfenis in Jesus Christus* .

Genesing is nie eers ingestel tydens Jesus se bediening op aarde nie, en dis ook nie net 'n seën van die nuwe verbond nie. God het nog altyd voorsiening gemaak vir genesing vir Sy kinders deur Sy verbonde. Hy openbaar Homself as die Groot Geneesheer toe Hy aan die Israeliete bekend gemaak het, dat **as hulle aan Sy Woord gehoorsaam is**, geeneen van die siektes van Egipte oor hulle sal kom nie. Hy het gesê: **"Want ek is die Here wat jou gesond maak"** (Ex.15:26). Hy het Homself geplaas as Israel se Geneser - Jehova-Rapha (Hierdie is een van sewe versoeningsname en beteken: Ek is die Here wat jou gesond maak). Onthou God verander nooit. As Hy ooit die Here was "wat jou gesond maak", *is Hy dit vandag nog, want ons lees in* Heb.13:8: **Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid,** en in Ps. 119:89: **Vir ewig, o HERE, staan u woord vas in die hemele.**

"...dit is beslis nie God se plan om my te onderrig met siekte nie. Daarvoor het Hy Sy Woord gegee om my leermeester te wees..."

As jy die feit aanvaar dat net so seker as wat Jesus jou sonde gedra het, Hy ook jou siekte, swakhede en pyn gedra het, jou dae van siek wees verby is. Kry ons boek "Nagmaal en Genesing".

Satan sal jou nog aanval daarmee, maar jy weet jy hoef nie daaronder te swig nie. Jy sal hom weerstaan en hy sal van jou af weg vlug (Jak. 4:7). Die geloof in die genesing van liggame behoort net sò sterk ontwikkel te wees in God se Kinders as hulle geloof in die redding van hulle siele.

Die lig van die Woord van God sal Satan se houvas op jou lewe op die gebied van fisiese lyding vernietig. Die waarheid maak jou vry van sy heerskappy, as jy besef dat jou genesing reeds betaal is deur Jesus se offer op Golgota. **"Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte - diè het hy gedra; maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.** Maar **Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom (Jes. 53:4 en 5).**

Die hele drie-en-vyftigste hoofstuk van Jesaja handel oor die plaasvervanging van Jesus vir die mens. Daar staan: "Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem." 'n Betroubare konkordansie omskryf die woorde "choli" wat deur ons vertaal word as krankhede, met siekte, swakhede en pyn. *Nogtans het Hy ons siekte, swakhede en pyn op Hom geneem!* Neem nou die omvang in van wat God vir jou sê.

God het toegelaat dat Jesus onherkenbaar vermink is, deur wonde en bloed verlies, wat betaal het vir ons siekte en sonde, sodat ons daarvan vry kan wees - vry van alles wat vir jou hartseer kan bring. **Vers 6 van Jes. 53** sê vir ons: **"Maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom."** Toe Jesus vir ons sonde betaal het, het Hy ook vir ons siekte betaal. *Die kruis het 'n dubbele*

(Vervolg op Bl. 6)

Before & After God Heals you


BEFORE GOD HEALS YOU

In Matt. 15 21-28 we read the account of a Gentile woman who came to Jesus for healing for her daughter. Jesus told her that healing was the "children's bread", and yet He healed her daughter because of the mother's great faith. We see here that healing is for God's children and yet in His great mercy He heals those who come to Him in faith. I have on occasion prayed for unbelievers, some of them have been Moslems and Hindus, and before I pray for them, I have the opportunity of telling them that Jesus Christ is the Healer, and I pray in His Name. God in His mercy touches them and displays His healing power with the intent of drawing this unbeliever to Himself. They then have the choice to follow the One who has just touched their body, or to reject Him as Lord. It is unfortunate that many who have been healed do not keep their healing because they reject the Healer as their Personal Saviour. It is therefore most important that we take the important step of receiving the Healer – Jesus Christ, as our Personal Saviour as well as our Healer, and then serve Him with zeal!

Many people are not healed because they do not take the time to meditate upon the Word of God, to take it into their hearts and allow it to grow. We read in Mark 6:5 that in His hometown of Nazareth, Jesus COULD DO NO MIGHTY WORK because the people were SCEPTICAL AND FULL OF UNBELIEF. Take time, therefore, and read and listen to God's Word so that your heart can understand the conditions for the healing of your body. Make sure too that YOU BELIEVE that it IS God's Will to heal you. I know this to be a fact and God explains it so clearly in the Bible, but do YOU believe it, or is your cry: "Lord, I am not sure yet whether you really mean what you promised?" You have to be absolutely sure in your heart and your mind before praying for healing or being prayed for, and this faith comes from knowing that it is His will to heal you. Do not be double minded, as the Bible tells us in James 1:6-8: **But let him ask in faith, with no doubting, for he who doubts is like a wave of the sea driven and tossed by the wind. For let not that man suppose that he will receive anything from the Lord; he is a double-minded man, unstable in all his ways.** It is of the utmost importance that we come to God, believing not only that He can do the medical impossible, but that He will do it. Come for prayer, expecting a miracle.

Sometimes there is sin in our lives which separates us from God. Perhaps it is a big sin, but what we might see as little sins, or "little foxes" as Solomon calls our sinful little habits, can have a very harmful effect on our Christian walk. All sin is sin in God's eyes; there are no small ones or big ones. Let us therefore humble ourselves before God and ask him to open our Spiritual eyes so that we can know and deal with the wrong in our lives, only then can we turn from it and ask God for forgiveness. He will remove our transgressions as far as the East is from the West, according to His promise in Psalm 103:12.

I would also like to make mention here of the sin of unforgiveness towards your fellow man. Unforgiveness, if not dealt with, breeds bitterness and hatred, and on many occasions, thoughts of vengeance. The Bible refers to the need for us to forgive anyone who has wronged us so that our Heavenly Father can forgive us and answer our prayers. Unforgiveness is perhaps the most common sin standing between ourselves and the manifestation of our healing. Then there are the lusts of the flesh which we need to resist. It is important to deal with all that will corrupt and destroy the body, which is the temple of God. We read in 1 Cor. 3:16-17: **Do you not know that you are the temple of God and that the Spirit of God dwells in you? If anyone defiles the temple of God, God will destroy him. For the temple of God is holy, which temple you are.** Ask the Lord to help you lay down that which is not edifying to Him or good for you. Many of these fleshly habits become compulsive and dominate our lives, causing a blockage to receiving our healing, but praise the Lord, His Word promises us in Phil. 4:13 that: **I can do all things through Christ who strengthens me.** Make a quality decision today to give up that unclean habit which rules your life.



But let him ask in faith, with no doubting, for he who doubts is like a wave of the sea driven and tossed by the wind. For let not that man suppose that he will receive anything from the Lord; he is a double-minded man, unstable in all his ways.
James 1:6-8

If you have been involved in any occult practice, it should be renounced in the Name of Jesus. Ask the Lord to forgive you for having been involved in fortune telling, astrology, horoscope reading, spiritualism, mind reading, reincarnation, water divination (with a rod or stick), acupuncture, ouiji board, superstitions, healing by witch doctors, hypnosis, and any other alternative healing practice. This is in fact seeking the supernatural outside the Will of God. Break with all the above, and for a fuller list of occult practises, read our book "Know Your Enemy".

Yet another blockage could be Eastern practices or idols, eg. a Buddha ornament or other figurines of Eastern gods. Many Eastern ornaments have pictures depicting the dragon, which represents Satan. You will need to do some house cleaning, as they did in the church of Acts in chapter 19 verse 19. Ask the Lord, prayerfully to show you anything that is an abomination to Him which may be in your house. Yoga, kung-fu, jujitsi and karate have their origins in Eastern religious practises, and should be avoided at all costs, and renounced, should you have participated in any of them.

We can become so entangled in these activities, (which are devil inspired), in shear ignorance, and we often do not realise that we are playing with fire! Ask God for insight and wisdom, and when you have broken

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Before and After God heals you..)
with, and repented of, all the sins of which you are aware, make God and the seeking of His Kingdom number one in your life. Let Matt. 6:33 be the standard by which you live.

But seek ye first the Kingdom of God, and His righteousness; and all these things shall be added unto you. Matt.6:33.

AFTER YOU HAVE BEEN HEALED

We know that Satan is the cause of all sickness and unhappiness in the life of man. He is after all the enemy of mankind. (Joh. 10:10). The day you become born again, or receive healing from God, Satan redoubles his attacks on your body and soul, as his aim is always to break down and to destroy you. We do not have to fear however, as God assures us in 1 John 4:4: **You are of God, little children, and have overcome them, because He** (Jesus) **who is in you is greater that he** (devil) **who is in the world.** We can therefore, ward off these attacks and resist the enemy much more effectively when we are prepared and know his strategy and tactics. His aim is to break your faith in God and His Word, and he does this through opposing the promises God has given us in the Bible. Satan will attack through lying symptoms, bringing doubt and unbelief, and cause us to question whether God has really healed us, or really intends to heal us. Be warned ahead of time, and be ready to resist him and his every attempt to undermine your faith by testing it through his lying symptoms. You must be watchful, pray continuously and do not be careless about your Spiritual life. Do not give place to the devil or open a door to him.

Our Spiritual weapons in this Spiritual battle are:

1. The Name of Jesus Christ (Mark. 16:17)
2. The Blood of the Lamb (Rev.12:11 & Phil. 2:10)
3. The Word of God (1 Joh. 2:14 and Eph. 6:17)
4. Praising God (Ps. 22:4 and Ps. 149:5)
5. Praying in the Spirit (Eph. 6:18 and Rom. 8:26)
6. The belt of Truth (Eph. 6:14)
7 The breastplate of Righteousness (Eph. 6:14)
8. Preparation of the Gospel of peace as shoes on your feet (Eph. 6:15)
9. The shield of Faith (Eph. 6:16)
10. The helmet of salvation (Eph. 6:17)

Exercise your faith by using these weapons to resist the enemy, and the devil will flee. James 4:7: **Therefore submit to God. Resist the devil and he will flee from you.** "Know your Enemy" and "Free from Fear" are two of our books, which deal more fully with this subject. Tell others what God has done for you and you will find that your own faith will be strengthened, and so will theirs. The Bible tells us that we overcome the enemy by the Blood of the Lamb and by the word of our testimony (Rev. 12:11), and when we declare the mighty works of our God, and testify of our healing, He will honour our faith in Him.

We have already discussed that our bodies are the temple of God's Holy Spirit, and He expects us to care for our bodies sensibly, keeping them fit by eating a well balanced diet, by exercising and having sufficient rest and recreation. We cannot blame God if sickness reoccurs because we have been negligent concerning our health. We often take our healthy body for granted, but a healthy body is a great blessing and we should care for it.

Once you have received healing from God, keep your eyes on God's promises and not on your symptoms. Once again read James 1:6-7, where God commands us not to doubt. Sickness and pain are very real, but when we are believing God and His promises for divine healing, it is not a matter of what we feel or see, but what we believe. If you are in pain, and you have asked God to heal you, BELIEVE that the pain will go, and EXPECT it to! Your confession of faith is in God and His ability, and is true and reliable. If someone asks you how you are, say what you believe, say: "Praise God, His Word says in 1 Pet. 2:24: **By His stripes I am healed!** and in 2 Cor. 5:7 it says that we walk by faith and not by sight, therefore, according to God's Word, I believe I am healed, and I am making progress daily.

Continue in faith, according to the Word of God, until the pain or illness disappears completely, believing that God will heal as promised. We read in Hebrews 10:35-36: **Therefore do not cast away your confidence, which has great reward. For you have need of endurance, so that after you have done the will of God, you may receive the promise. For yet a little while, and He who is coming will come and will not tarry. Now the just shall live by faith; but if anyone draws back, My soul has no pleasure in him. But we are not of those who draw back to perdition, but of those who believe to the saving of the soul.**

"...If you are in pain, and you have asked God to heal you, BELIEVE that the pain will go, and EXPECT it to! Your confession of faith is in God and His ability, and is true and reliable. If someone asks you how you are, say what you believe, say: "Praise God, His Word says in 1 Peter 2:24: By His stripes I am healed!

An illustration of this truth may help you better understand it's application. I used to grow orchids and anthuriums and these beautiful flowers brought a lot of joy to many people, they were really beautiful to behold and one could see God's wonderful creation before one's very eyes. Now if I were to say to you, I am going to send you a large box of orchids as a gift, what would your reaction be? Your immediate response would be, thank you doctor James, what a wonderful gift, I have never had a whole box of orchids given to me in my life! You would then start thinking about what to do with them when they arrived, what they will look like, with whom you will share them etc. This is a perfectly natural reaction, but think about it for a moment. You have believed my word when I promised you the orchids, you have demonstrated this belief or trust by thanking me immediately, even before you have received or seen them. You react this way at the word of a man, who can lie, yet God gives us His Word, and the Bible tells us that **God is not a man, that he should lie; neither the son of man, that he should repent: hath he said, and shall he not do it? or hath he spoken, and**

(Continued on page 8)

ons God van wonderwerke!

We would like to take this chance to praise the Lord for His Grace and constant provision and protection. More particularly right now we praise Him for the wonderful work that you do for His Glory and for your ever striving that His Truth may go out purely! There have been a few times that we should have witnessed to you about how your faithfulness to the Lord has helped us. Unfortunately now we will not be able to go into as much detail as we would have like to because this letter would simply be too long.

Jessica was raised in a Methodist church, which did not teach her about being born again, and definitely not about the fact that God heals today. The Lord allowed many things in her life to add up and open her eyes to His Truth, one of that being your monthly newsletter that Ma Marie gave to her. This particular newsletter taught that the Lord heals today. As you know this is a very important part of being a born again Christian and getting to know the Lord. We are very grateful to you for this, thank you for your faithfulness to the Lord.

While we were on our honeymoon we had a bit of a stressful time because we actually had no money. We just had a wedding (our family helped a lot to make it happen, the Lord provided in so many ways), we were busy moving to a new town, opening a shop (rent money was needed, stock etc...) and we needed a place to live, which would also take quite a bit of money. Everything up to that point the Lord provided for perfectly. This one particular day we just heard that our brother-in-law had found a place for us to live, his bakkie had stalled in front of this particular house (what a miracle) and the women who lived there spoke to him (it is quite a mission to find a place to rent in Fort Beaufort). We had a house now but we didn't have the money for the deposit and rent R1000 that had to be paid a.s.a.p. Sitting on the tourist train from Knysna to George we were slightly distressed, we knew the Lord would provide, but we saw no possible way that it could happen. Learning to have faith is quite tough, you must believe in what you cannot see (God was busy training us and the training still continues daily so that we can grow in Him and be utterly dependant on Him). At that moment, and we mean at that moment Adaan got a sms from his bank notifying him that a R1000 had been paid into our banking account. Praise the Lord!! You can imagine our amazement. So thank you once again!

During the time that Jessica was in bed, because of the complications with the pregnancy, she was reading your book "The Christian and Job", it carried her through many tough days, and it prepared her for what happened next. She leant from the book that none of what happened was the Lord's will, that the devil comes to steal, lie and destroy. If it wasn't for that book, and the Truth that it taught, our faith would have been crippled. There are no words to thank you for the gift you gave us, by telling the truth as the Lord reveals it to you.

There are so many other things that we are grateful to you for, but for now these are the ones that the Lord has laid on our hearts to tell you about. All your books, letters, newsletters and prayers are very much appreciated and received with hungry hearts, yearning for the Truth you constantly strive for!

We pray that the Lord gives you the strength and courage to keep on proclaiming His Truth.

With all our love and thanks

Adaan and Jessica Bouwer

Al die lof, eer en dank aan ons Here Jesus Christus wat vir ons aan die kruis gesterf het en al ons ongeregtigheid en siekte op Hom geneem het!

'n Jaar en 'n half gelede het my regteroor toegegaan a.g.v. 'n blokkasie wat deur sinusitis veroorsaak was. Ek het feitlik geen gehoor met die oor gehad nie en het ook geen medikasie gebruik nie. Op 13 Augustus 2006 het ek en my vrou Stanger Christelike Sentrum besoek vir gebed. Nadat ek en my vrou die wonderlike waarheid ontdek het om elke oggend nagmaal te gebruik, het ons dit begin toepas. Ons het ook onder die oortuiging gekom dat ons, ons moes laat doop en het ook die doping met die Heilige Gees ontvang. Die vorige week het ons ons geestelike voorberei vir die doop en my vrou het skielik ervaar dat sy genees is van geswelde seerkliere in haar keel, waarvan sy 4 jaar lank geweldige las gehad het. Gedurende die week van 20 November 2006 het my regteroor oopgegaan. Hallelujah, prys die Here! Baie dankie dat ons met vrymoedigheid ons gebedsversoeke vir julle kan stuur en dat julle met soveel liefde, toewyding en omgee vir ons bid. Baie dankie vir jul bemoedigende briewe, nuusbriewe en oekies. Ons sien altyd met groot verwagting uit daarna. Mag die Here julle ryklik seën! Ons is lief vir julle.

Mnr en Mev D van Deventer, Nelspruit

Ek het in Augustus maand aan u geskryf en gevra dat u tog saam met ons sal bid vir Brent, vir werk. Op die oggend van die 18de September het ons u brief van bemoediging ontvang waarin u ons verseker dat vir Brent bid vir 'n goeie werk. Brent het daardie selfde dag die 18de verjaar! Daardie selfde dag, die middag, het 'n baie groot firma hom laat weet hy moet inkom vir 'n onderhoud. Na vele onderhandelinge, soos dokters ondersoeke, toetse wat hy moes skryf ens. Het hulle gesê hulle sal hom laat weet. Weke het verby gegaan, weke waarin u gedurig vir Brent aan die Here opgedra het, want daar was baie mans vir onderhoude waarvan hy die enigste blanke was. Gister, die 13de Oktober het hulle hom geskakel en gesê hy moet Maandag die 16de Oktober aanmeld vir werk. Ons harte juig en jubel in die Here! O, Dr. James, ons aanbid 'n Grote en Getroue God!!!! Ons gee Hom al die eer en aanbidding van ons harte. Dankie Jesus~! U vriende in Christus

Org en Mien Joubert, Geduld

Ek het 'n tyd terug geskryf en gevra dat julle asseblief saam sal bid dat ek en my liewe man 'n babatjie kry. Wel met alle opgewondenheid, verstomming en blydskap kan ek sê ons is nou al 14 weke swanger met 'n baba seuntjie! Prys ons Koning wat ons seën, bo ons verwagtinge – nes Hy beloof in Markus 11:24.

Colyn en Lilla Potgieter, Pretoria

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Goddelike Genesing...)
kuur vir die siekte van die mens uitgespreek.

Ons lees in Matt. 8:16-17: **En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak, sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra.**

Hierdie waarheid is bevestig in 1 Pet. 2:24, en ons lees: **wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.**

As 'n verbondskind is jy in dieselfde mate vrygemaak van siekte as wat jy vrygemaak is van sonde. Jy het 'n verbondskind geword toe jy Jesus as Geneesheer en Redder aangeneem het. **Gal. 3:29: En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.**

Toe Israel deur die Rooi See getrek het oppad na die Beloofde Land, het God gesê: **Ex. 15:26: ... As jy getrou na die stem van die Here jou God luister en doen wat reg is in sy oë en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê (letterlike Hebreeus: op jou toelaat) wat Ek op Egipteland gelê (toegelaat) het nie, want Ek is die HERE WAT JOU GESOND MAAK.**

Hy is nie die Here wat hulle siek maak nie, maar: "Ek is die Here wat jou gesond maak." God het nie die siektes op die Israeliete gelê nie, en ook nie op die Egiptenare nie. Dit is Satan, die god van hierdie wêreld, wat mense siek maak. God sê baie duidelik hier dat Hy Israel se Geneser is. **Ex.23:25 en 26: En julle moet die Here julle God dien; dan sal Hy jou brood en jou water seën, en Ek sal siektes uit jou midde verwyder. Daar sal geen misdragte of onvrugbare in jou land wees nie. Ek sal die getal van jou dae vol maak.**

Solank as Israel volgens die verbond gewandel het (Gehoorsaamheid), was daar geen siekte onder hulle nie. Daar word geen kennis gedra van vroeë sterfgevalle nie, met ander woorde, geen babas, geen jong mense en geen middeljarige mense het gesterf nie, net solank hulle gehoorsaam aan die opdragte van God was. Siekte was uit hulle midde geneem en hulle het hul lewens voluit geleef sonder kwale en net sag heengegaan. Wanneer die tyd van hulle heengaan aanbreek het, het hulle hul hande op hul kinders gelê, hulle geseën, hulle voete op die bed gesit, die gees gegee en huis toe gegaan. Jy hoef nie siek te word om te sterf nie!

En Hy sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig en Hy sal die vrug van jou liggaam seën en die vrugte van jou land, jou koring en jou mos en jou olie, en die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee, in die land wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee. Deut. 7:13

Nou sê mense: "Dit was vir toeka se dae - wat het dit met ons te doen?" God is dieselfde God nou, soos Hy toe was. Volgens die Bybel, verander Hy nooit. Hy haat sonde in die ou Testament en Hy haat sonde in die Nuwe Testament, en Hy haat ongehoorsaamheid, en sê baie duidelik wat die gevolge sal wees. Hy was teen siekte gekant in die Ou Testament en Hy is teen siekte gekant in die Nuwe Testament. Hy het voorsiening gemaak vir genesing in die ou Testament en Hy het voorsiening vir genesing gemaak in die Nuwe Testament. Deut.7:13 tot 15: En Hy sal jou liefhê....liefhê.....liefhê..... en siekte op jou sit en veroorsaak dat jy sterwe as jy jonk is. En sommige sal doodgebore word. En sommige sal siek wees en kreupel. "NEE! NEE! DIS NIE VOLGENS DIE HEILIGE SKRIF NIE! Luister wat sê DIE BYBEL:

Deut. 7:13: En Hy sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig en Hy sal die vrug van jou liggaam seën en die vrugte van jou land, jou koring en jou mos en jou olie, en die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee, in die land wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee.

14: Geseënd sal jy wees bo al die volke; daar sal by jou geen man of vrou onvrugbaar wees nie, ook nie onder jou vee nie.

15: En die Here sal elke krankheid van jou wegneem en al die kwaai siektes van Egipte wat jy ken, nie op jou lê (toelaat) nie .....

Maar dis mos nie vir vandag nie, roep iemand uit. Is jy seker? 1 Korintiërs is in die Nuwe Testament, nie waar nie? Blaai na **1 Kor. 10:11: "Maar al hierdie dinge het hulle (Israel) oorgekom as voorbeelde (tipes) en is opgeskrywe... (Vir wie is dit opgeskrywe?**

Die Jode? Nee!) as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het."

Heerlikheid! Deut. 7:13 tot 15 is vir my voordeel geskryf! Die Heilige Gees het seker geweet dat daar persone sal wees wat sal opstaan en sê: "Dis net vir die Jode. Dis nie vir ons nie." Daarom het Hy geskrywe dat wat met hulle gebeur het, sodat hulle vir ons 'n voorbeeld kan wees. Daardie dinge wat voorheen geskryf is, verwysend na die Ou Verbond, was opgeteken vir ons onderwysing (Rom. 15:4); Deut. 7:13 tot15 is vir my geskryf as 'n waarskuwing! Dink jy dat daardie mense van destyds meer geseënd sou wees as die Kerk

(Vervolg op Bl. 8)



uit Dr James se kantoor

Liewe familie in Jesus,

Groete in die wonderlike Naam van Jesus. Ons is alreeds in die tweede maand van 2007 en die vakansie is iets van die verlede. Al die kinders is terug op skool en studente is nou besig met beplanning vir 'n wonderlike jaar van studie. Ons bid vir aanpassing in hulle nuwe omgewing en klasse en dat hulle uitstekend hierdie jaar sal vaar, soos die Here in elke kosbare jong mens se lewe sal onderneem en in elkeen se behoeftes sal voorsien.

Baie dankie vir die vriendelike boodskappe van liefde en ondersteuning wat ons gedurende Desember en Januarie ontvang het, wat altyd vir ons 'n bron van aanmoediging en opbouing is asook vir my pragtige verjaarsdag kaartjies en seënwense, mag die Here julle baie ryklik seën vir die mooi gedagte en gebaar.

Ons kom voor die Here elke oggend om sewe uur wanneer ons nagmaal neem en bid vir die talle gebedsversoeke wat ons ontvang. Dit is wonderlik om te weet dat so baie van julle in verskillende dorpies en stede en regoor die land, Namibië en oorsee ons laat weet het dat julle dieselfde tyd as ons in gebed is en saam intree vir die behoeftiges en ook nagmaal neem. Ek glo dat die hart van ons Vader in die Hemel waarlik verheug is wanneer hy sien hoeveel geloof en dankbaarheid Sy kinders het, en so dikwels die dood van Sy Kosbare Seun Jesus in herinnering bring. Ons besef ten volle dat as Hy nie vir ons die prys op Golgota betaal het nie, ons verniet bid, maar instede daarvan kan ons daagliks vir God vra dat die voordele van Golgota ons deel kan wees. As dit wat in die vorige paragrawe vreemd klink, wil ek graag aanraai dat u ons boek Nagmaal en Genesing sal bestel, wat die antwoorde sal verduidelik en u lewe sal verander.

Baie dankie vir die wonderlike getuienisse wat julle aan ons gestuur het. Alle eer aan die Here! 'n Getuienis stig almal se geloof en is tot opbouing aan diegene wie hulle oë op God gerig hou vir 'n wonderwerk in hulle eie lewens. Dit beteken vir ons net so baie omdat God al die eer en verheerliking kry en omdat Jesus se Naam opgehef word.

Hierdie is nie 'n jaar om tevrede met ons huidige geestelike lewe te wees nie. Ons het nodig om meer geestelike oefening te doen net soos 'n atleet sy fisiese liggaam oefen om sterker te word en langer uithouvermoë te betoon, in hierdie laaste dae voor Jesus se koms.

Vertrou meer op God, glo Hom meer vir Sy beloftes, leer meer van Sy Woord en wees meer gehoorsaam aan Sy opdragte, vergewe meer, wees meer vir jou medemens lief en getuig meer oor Jesus en die Groot dinge wat ons Hemelse Vader vir ons elke dag doen! Wees nugter en wakker sodat die duiwel jou nie onverwags aan die slaap sal vind nie!

Weereens wil ek elkeen van julle persoonlik bedank vir julle gebede, liefde, aanmoediging en ondersteuning in elke opsig. Ons kan julle nooit vergoed nie, maar ons vra ons Hemelse Vader om dit vir julle te doen!! Hy is die Gewer van alle goeie gawes en ons vra Hom om julle in oorvloed te seën met alle geestelike en fisiese seëninge.

Baie dankie vir julle deelname om die Evangelie van ons Here Jesus Christus in ons land, asook Namibië en oor die grense vanaf die Stanger

Dr James

The following are now available on DVD format:

Transposed from video to DVD—not the best quality, but well worth watching:

P1. ***Healing meeting Pretoria***—1983, English and Afrikaans

P2. ***Healing meeting JHB***—1983, English and Afrikaans

P3. ***Genesingsdiens by die Sentrum***—1986, Afrikaans

P4. ***Dr James se persoonlike getuienis***—1983, Pretoria

P5. ***God se Woord is Sy Wil***—1983, Pretoria

P6. ***Why Religion does not work***—1997, English—Hillcrest

Current DVDs available:

C1. ***Am I really saved?*** - December 2006, Dr van Zyl (English)

C2. ***Who do you say I am?*** Dec 2006, Dr van Zyl and Pst D. Gericke (English)

C3. ***Jesus the Light of the world***—Dec 2006, Dr van Zyl and Pst D. Gericke (English)

C4. ***Christ in you the hope of Glory***—Dec 2006, Dr van Zyl and Pst D. Gericke (English)

C5. ***The Heart of the Gospel***—Dec 2006,

DVD'S R 40-00 EACH

SPESIALE WOORD VAN DANK

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

(Continued from page 4 - Before and After God heals you)

shall he not make it good? (Num 23:19)

When we believe that we are going to receive a gift, our immediate reaction is one of gratitude and thanks-giving, yet why do we find it so difficult to act in faith in this way when it comes to God's promises?


What about my medication, you may ask? People often ask me whether they must stop all medication as soon as they have asked God for healing. I am a medical doctor, and I know that God uses doctors and medicine to alleviate pain and suffering. I also know that Jesus did not frown upon doctors as Luke was a physician and one of His great disciples. Jesus did mention the woman in Mark 5:25-26, who had seen many physicians and had spent all her money, yet was no better for it, but He did not condemn her for this. We know that when medicine fails because of man's limited knowledge, Jesus is always able to heal completely and perfectly.

I suggest that when you have been prayed for, and you believe that God has touched you, decrease your medication slowly, and continue to see your doctor who has attended to you thus far, so that he can monitor the fact that your healing has taken place or is taking place. Ask the Lord for wisdom, because as I always say, you do not need any more headache tablets when you no longer have a headache. You will know when your healing is complete, and medicine is no longer necessary. Some advice to those who have suffered from epilepsy and diabetes, do not stop all medication abruptly, because your system has to adjust to a slow reduction of your medicine. Should your healing not manifest immediately, realise that God is working a divine healing in your body, and in time, as your faith in God grows, and you continue to believe, you will reap the reward, as we read in Hebrews 10:35 and 36, until then the medicine serves to give you the support you need, and you can explain all this to the Job's comforters, who might say to you, "Oh I thought you were healed, why then are you still taking medication?"

"...When we believe that we are going to receive a gift, our immediate reaction is one of gratitude and thanks-giving, yet why do we find it so difficult to act in faith in this way when it comes to God's promises?"

Remember, that if you need to take medication, this does not mean that you are lacking in faith. Your healing will take place as you continue to trust in the Lord. Do not allow the devil to put condemnation on you, keep your eyes on the Lord and He will honour His Word in your life, because He said in **Exodus 15 verse 26: I am the LORD that healeth thee.** ✞

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Goddelike Genesing….)



van die Here Jesus Christus? Die Bybel sê ons is mede erfgename van Christus! Seuns van God! Kinders van God! In die Koninkryk van God! Ons is Nuwe Skepsels! Ons is geseënd bo alle mense!

Jy kan uit die Bybel leer dat dit God se plan was dat alles in verband met Israel die stempel van voorspoed en gehoorsaamheid moes dra. Siekte en kwale moes net nie verdra word onder hulle nie! Sò behoort dit met die kerk te wees. Alles in verband met die Liggaam van Christus, die Nuwe Testamentiese Kerk behoort die stempel te dra van oorvloed, genesing, gesondheid en gehoorsaamheid.

As jy 'n ware en gehoorsame dissipel van die Here is, sal jy, volgens die Bybel, vervolg word. Dit was die profete, die dissipels en Jesus se lot. Hulle het nie aan siektes gely nie maar aan vervolging. Jesus het aan Paulus gesê, vir My Naam sal jy ly. Paulus het deur sy hele bediening aan vervolging gely, NIE AAN SIEKTES NIE! (Lees gerus 2 Kor. 11: 22-33, en kry ons boek "Paulus se doring in die vlees")

Wat God van Israel gesê het, het Hy van die Kerk gesê: **Rom. 1:16 sê: "Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding ...."** Grieks en Hebreeuse studente skryf dat die woorde wat met redding vertaal word, vrymaking, veiligheid, bewaring, genesing en gesondheid bevat.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassete en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.



***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

***